

Internasionale VIGS-dag

Hemelse Vader, ek bid vandag vir almal wat vigs het,
Wat die siekte reeds in sy felheid ervaar,
Wat bewus is van die naderende dood.
Hoor my as ek vra:
Gee hulle die troostende wete van U teenwoordigheid.
Laat hulle bewus word van U vriendelike gelaat,
van U krag, U wat die bron is van alle lewe.
Here, God van genade, hoor my gebed.
Here Jesus, Vriend van die eensames,
Ek bid vir almal wat vandag sal hoor
Dat hulle MIV-positief is, maar nog geen simptome ervaar nie.
Herinner hulle dat daar nog baie is om voor te lewe.
Help hulle om nie sommer moed op te gee nie,
Maar om saam met U, die weg en die waarheid en die lewe,
Die swaar pad vorentoe aan te pak.

O Heilige Gees, Trooster,
ek bid vir almal wat vigs pasiënte verpleeg
-hul eie geliefdes tuis, of mense in versorgingsoorde.
Maak hulle deur die lang ure van sorg en vertroosting
altyd bewus van die Vader se teenwoordigheid en van Jesus se liefde.
Vul hulle met U vrede, met U hoop.
Here, leer my tog om in my eie seksuele lewe
Verantwoordelik te wees,
Om nie net aan myself te dink nie, maar ook aan ander.

Ek bid vir al die wetenskaplikes en dokters en tegnici
Wat hul lewe daaraan wy om 'n geneesmiddel te vind
vir hierdie vreeslike siekte.
Gee hulle in U genade tog sukses.

Ek bid vir U kerk, dat ons U liefde sal uitstraal,
Deur ander te bemoedig, soos U ons bemoedig..
Maak ons harte so vol van U liefde
Dat geen vigslyer ooit hoef te twyfel dat die kerk hulle wil help nie.
En, Here, gee ons wysheid oor hoe ons te werk moet gaan om te help.
Ek vra dit in U Naam, wat oor ons almal uitgeroep is.
[uit: Die Groot Gebedeboek, bl 383. Lux Verbi.BM 2003]

